SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS SONDAG 2 AUGUSTUS 2015

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd in Afrikaans en om 08:30 Sentraal Afrika Tyd in Engels landswyd 'n nuusbulletin uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Vir Echolink-luisteraars is daar 'n herleiding deur ZS0JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se webblad.

Hierdie oudiobulletin kan van die Liga se webblad by www.sarl.org.za afgelaai word. 'n Teksweergawe van hierdie en vorige bulletins kan ook daar verkry word en jy kan ook inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag.

DIE SARL HF-FOONKOMPETISIE VANMIDDAG

'N OPROEP VIR YOTA STASIES VIR DESEMBER

en

DIE AUGUSTUS RADIO ZS IS BESKIKBAAR VIR AFLAAI

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

** Vanmiddag van 13:00 tot 16:30 UTC, kan jy deelneem aan die Suid-Afrikaanse Radioliga HF Foon Kompetisie met 'n aktiwiteit tussen 14 125 en 14 300 kHz; 7 063 en 7 100, 7 130 en 7 200 kHz en 3 603 tot 3 650 en 3 700 tot 3 800 kHz. Jy kan deelneem as 'n enkel operateur enkel band, 'n enkel operateur alle bande; 'n multi-operateur enkel band of 'n multi-operateur alle bande stasie. Individuele deelnemers en die klub stasies word aangemoedig om te kompeteer.

Die uitruiling is 'n RS-verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer wat by 001 begin Foon kontakte tel 1 punt. Twee punte vir elke roep area gewerk op elke band en tel 2 punte vir elke stasie gekontak op al drie bande. Logstate moet teen middernag op 9 Augustus 2015 per e-pos aan zs4bfn@gmail.com gestuur word. Raadpleeg asseblief die 2015 Blouboek vir die volledige reëls.

** Jy kan die gelukkige eienaar van 'n afskrif van die 2014 ARRL Handboek, wat die viering van die eeu fees van die American Radio Relay League gedenk, word. Dit is eenvoudig; neem deel aan een of al die SARL HF kompetisies in Augustus en stuur jou log met ten minste 10 kontakte en jy sal in die gelukstrekking ingeskryf word. Daar is een bykomende voorwaarde, jy moet 'n ten volle opbetaalde lid van die Suid-Afrikaanse Radioliga gewees het met die indiening van jou log.

** Koos Fick, ZR6KF, die Liga se Jeug koördineerder sê dat vanaf 1 Augustus sal hy aansoeke begin aanvaar vir die YOTA 2015 Desember kompetisie. Koos sê, "Ek wil regtig hê ons, Suid-Afrika, moet 'n sukses wees hierdie jaar! Ek vra dat

slegs ernstige mededingers aansoek doen, maar alle aansoeke sal oorweeg word om te probeer om soveel mense te help as wat ek kan. 'n Behoorlike radiostasie wat in staat is om ver DX stasies soos Europa en Amerika sonder enige probleem te werk is nodig. As jy belangstel en seker is dat jy in staat is om deel te neem, of meer inligting benodig, stuur vir my 'n e-pos aan koosfick096@gmail.com of stuur 'n boodskap via die SARL Jeug Facebook-bladsy. Ek wil graag hierdie finaliseer voor die einde van Oktober sodat 'n rooster opgestel kan word en om die"Top Gun-stasies" vir die sentrale spanne te organiseer! Probeer asseblief om hierdie inligting aan alle jeug stasies in Suid-Afrika te versprei! "

** Bespreek nou vir die ARiA in Gauteng. As gevolg van gewilde versoeke, is daar besluit om die frekwensie teller boustel uit te brei deur die insluiting van 'n frekwensie pre-scaler.' Voorsiening vir die chip is reeds op die bord. Die chip kan bestel word as 'n opsionele ekstra item en kos R100 wanneer dit saam met die hoof boustel bestel word. Die bespreking vorm op die web is gewysig om die chip te bestel. Mense wat reeds bespreek het vir ARIA kan die vorm gebruik om die chip by te voeg tot hul bestelling.

Die ARiA boustel is 'n frekwensieteller, wat 'n noodsaaklike item is wat elke amateur in sy radio kamer moet hê. Dit is 'n regulerende vereiste om 'n akkurate frekwensie te kan meet. Daar moet kennis geneem word dat die bywoning van ARiA 'n voorvereiste is om 'n boustel te bestel. Die boustel sal eers na 10 Oktober beskikbaar wees aan persone wat nie die ARiA kan bywoning nie. 'n Opwindende program is gereël. Een van die belangrikste onderwerpe wat aangespreek word is die ruimte weer en die invloed wat dit op kommunikasie het. Daar is ook 'n referaat oor hoe om 'n omgekeerde V vir NVIS kommunikasie te bou.

Amateurradio in Aksie of ARiA, soos dit nou bekend staan, is die nuwe naam vir die RTA. Bespreek nou vir die 2015 Amateurradio in Aksie simposium in Johannesburg en Pretoria. Besonderhede van die program en bespreking vorms kan afgelaai word vanaf www.sarl.org.za. Die ARiA program vir Kaapstad sal binne die volgende paar weke beskikbaar wees.

** Kostebesparings vir die Suid-Afrikaanse Radioliga. Bietjie meer as 'n dekade gelede, is die gesig-tot-gesig vergaderings van die Liga se Raad en sy subkomitees by die NARS gehou. Raadslede se reise het meer en duurder geword, veral vir raadslede ver van Gauteng af. Om koste te bespaar, het die Raad besluit om hul vergaderings per telekonferensie te hou. Om verdere kostebesparings te maak, het die Liga se telekonferensie onlangs verskuif na Skype. Die konferensie is op klank alleen maar werk baie goed en is heeltemal gratis.

Sommige klubs het ook hul klub vergaderings geskuif na Skype; Dit is voordelig, veral vir klubs wat 'n wye geografiese gebied dek. Bykomend tot die koste wat gespaar word, stel dit klublede uit afgeleë gebiede om ook te dien as komiteelede.

Suid-Afrikaanse Radioliga lede word herinner om te verseker dat hulle 'n geldige e-pos adres op die Liga se databasis het, vanaf die einde van 2015 sal geen slakke pos deur die kantoor gestuur word. E-pos adresse is gratis beskikbaar

aan enigiemand met toegang tot die Internet. Maak asseblief seker dat die e-pos adres in die databasis korrek is - jy kan dit doen deur te kyk na jou eie roepsein in die elektroniese roepseinboek.

Jy luister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

** Die Augustus 2015-uitgawe van Radio ZS is beskikbaar vir aflaai vanaf die Liga se webwerf. In hierdie uitgawe, praat Ron, K8HSY, "Ham Friendships Span Time and Space", terwyl Kevin, ZS6KMD, meer vertel oor 'n paar Arduino projekte. Rory, ZS6RBJ, vertel van sy handradio Go-bag' en jy kan lees oor die 5 MHz baken wat opgestel is in Bloemfontein. Daar is 'n artikel oor LiPo batterye en hul gebruik in amateur radio en jy kan 'n 4 meter Yagi en 'n J-Pole antenna bou vir 17-10 meter. Daarbenewens, is daar meer inligting in hierdie uitgawe van Radio ZS.

As jy Radio ZS wil ondersteun, stuur asseblief jou artikel teen die 20ste van die maand voor die datum van publikasie en die redakteur sal poog om Radio ZS op die webwerf te he op eerste dag van die publikasie maand.

** 'n Nuwe e-pos adres vir die SARL sekretaris. Net 'n herinnering dat as gevolg van oormatige spam is die e-pos adres van die SARL sekretaris verander na sarlsekretaris@sarl.org.za. In die toekoms, rig alle korrespondensie aan die nuwe adres. Dit sal opgemerk word dat ander kanale soos die forum nie beantwoord sal word nie. Deur die stuur van e-pos aan die sekretaris, word dit verseker dat dit opgeneem en opgevolg word. Adres verandering en betalings navrae moet aan admin@sarl.org.za gestuur word.

** Die Nuusspan wil graag 'n fout reg stel uit SARLnuus van 26 Julie. Die bron inligting verskaf het 'n verkeerde datum in gehad. Dennis, ZS1AU, is gelisensieer op 26 Julie 1950 en nie in 1951. Daarom is Dennis in sy 66 jaar as 'n gelisensieerde radio amateur en hy is al 68 jaar 'n lid van die Liga.

** Die Suid-Afrikaanse Radioliga YD Naelloop sal op die lug wees op Sondag 9 Augustus op 40 meter vanaf 09:00 tot 10:00 UTC.

** Die 69de Algemene Jaarvergadering van die Kaapstadse Amateurradio sentrum (CTARC) is op Saterdag 25 Julie gehou by hul klubhuis in Rondebosch, Kaapstad. Die volgende trofeë is oorhandig.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga Jack Twine Toekenning. Rassie Erasmus ZS1YT, het hierdie gesogte toekenning in persoon aan John Haycox, ZS1AGH, oorhandig. John is 'n lid van CTARC vir n baie lang tyd en hy was voorsitter en komiteelid van die klub en wie se uitstaande ondersteuning oor die afgelope 40 jaar, ten spyte van moeilike tye vir hom en sy familie, voortgegaan het met sy pligte as 'n belangrike lid van die CTARC en gaan steeds voort om dit te doen sonder reserwe.

Die Wellie Toekenning - vir uitstaande bywoning is toegeken aan Hylton Conacher, ZR1HPC vir bywoning van Klub aktiwiteite en vergaderings en sy ondersteuning van alle Klub aktiwiteite.

Die Klub Deelname toekenning is toegeken aan LV, Elsabee Haycox vir haar voortgesette ondersteuning aan Klub geleenthede en vergaderings, help met spyseniering en vir haar toewyding aan die CTARC.

Die Buck Taylor-trofee - vir uitstaande diens aan die klub deur 'n lid. Hierdie jaar is die trofee toegeken aan Mike Schumann, ZS1FP, vir sy volgehoue ondersteuning van die Klub Net elke Maandag aand.

Op die algemene jaar vergadering het die verkiesing van die nuwe komitee vir 2015/16 plaas gevind en die volgende lede is verkies:

Voorsitter - Rob Bareham, ZS1SA Vise-voorsitter en klubhuis - Noel Futter, ZS1FW Tesourier - Danny Blanckenberg, ZS1BL Sekretaris en Nuusbriefredakteur - Anne Bareham WCRWG verteenwoordiger - Paul Johnson, ZS1S Bulletins - Tony McEwen, ZS1TM Vergaderinglogistiek - Paul Kennedy, ZS1PXK Openbare Betrekkinge - Shaun Overmeyer, ZS1RA Webmeester en Klub Fotograaf - Nick Curwell, ZS1ZD QSL Bestuurder - Hylton Conacher, ZR1HPC Ere Ouditeur - Barry Fletcher, ZS1FJ

** In die voortplanting verslag, Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag gaan wees. Al die sigbare sonvlekke is tans stabiel. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van ongeveer 43 vir die week gebruik.

Amateurs kan veral laatmiddag en gedurende die aande goeie openinge op die 20 tot 15 m DX bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

En nou vir die dagboek van gebeure

2 Augustus die Suid-Afrikaanse Radioliga HF Foon kompetisie 9 Augustus - die Suid-Afrikaanse Radioliga YD Naelloop 15 en 16 Augustus - die Internasionale Vuurtoring en ligskip naweek 16 Augustus - die Suid-Afrikaanse Radioliga HF Digitale kompetisie 20 Augustus - sluitingsdatum vir artikelsl vir die September Radio ZS 22 Augustus - Amateurradio in Aksie by die NARS 30 Augustus - die Suid-Afrikaanse Radioliga HF gelykgolf kompetisie

Om hierdie bulletin te beëindig, 'n herhaling van ons belangrikste item in die nuus vanoggend.

Vanmiddag tussen 13:00 en 16:30 UTC, kan jy deelneem aan die Suid-Afrikaanse Radioliga HF Foon kompetisie met aktiwiteit op 20, 40 en 80 meter. Die uitruiling is 'n RS-verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer wat by 001 begin. Logstate moet teen middernag op 9 Augustus 2015 per e-pos aan zs4bfn@gmail.com gestuur word. Raadpleeg asseblief die 2015 Blouboek vir die volledige reëls. Stuur jou log en staan 'n kans om die 2014 ARRL Handboek te wen.

** Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radioamateurs en kortgolfluisteraars in te dien.

Plaas nuusberigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 sentraal Afrika tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 sentraal Afrika tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD, en gelees deur …….

Die Afrikaanse nuus span groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens

73's en dankie vir die luister

/ EX